## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| So | 24/08 | **Blanche du Plessis**, Wyk 11 |
| | | **Ria Serfontein (81)** Wyk 12 |
| Ma | 25/08 | **Ruan van Heerden**, Wyk 6 |
| Di | 26/08 | **Ettie du Plessis (85)**, Wyk 10 |
| Vr | 29/08 | **Johané Reynecke**, Wyk 4 |
| | | **Marlise Stoop**Wyk 9 |

**Bede met meelewing:** Psalm 61: 1 en 6.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*




# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 41, nr 28 Sondag 24 Augustus 2025



*Redakteur:* **Rudy van der Spoel** 082 864 4422

rudynell@telkomsa.net



**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**

**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**

**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za


**Diensbeurte by eredienste en by kategese:**
**Ouderling:** Wyk 7 **Chris van Ryssen** en Wyk 8 **Frans Coetzee**
**Diaken:** Wyk 7 **Coetzer Stoop** en Wyk 8 **vakant**
**Skinkbeurt:** Wyke 9 en 1 **Marli Nortjé en Malie Wyma**

**EREDIENSTE** Albei dienste word gelei deur ds. Jannes van Dyk.

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**

**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGENDDIENS: Voorbereiding vir die viering van die Nagmaal**
**Woordbediening:** Romeine 1.
**Fokusvers:** Romeine 1: 21.
**TEMA:** ***Selfondersoek vra: "Ken ek God en eer en dank ek Hom as God?"***
**Sing:** Psalm 36: 2, 3; Psalm 19: 1; Psalm 14: 2, 3, 4 (eerste melodie van Psalm 45), Psalm 16: 1; Psalm 67: 1, 2 (tweede melodie van Psalm 33), Psalm 147: 5, 7.
**Sing met meelewing:** Psalm 61:1, 6 (tweede melodie van Psalm 38).

---

**EREDIENS OM 17:00**
**Woordbediening:** 1 Korintiërs 4.
**Fokusvers:** 1 Korintiërs 4:7.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 15.
**TEMA:** ***Onverdiende genade bring 'n gesindheids-verandering mee - voor God en mens.***
**Sing:** Psalm 33:1, 9; Psalm 113:1, 2; Psalm 103:7; Skrifberyming 4-1:1, 3, 5(1); Skrifberyming 19-1:1 (47) (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **Teologiese Studentekas** (Volgende week – Kerkkas)
**VANMIDDAG**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons betuig weereens ons innige meegevoel met **Sarie Brummer** en haar dierbares nadat haar eggenoot, Bennie na 'n lang lyding Maandagnag in die Here ontslaap het. Hy kon die afgelope byna drie jaar as gevolg van beroerte nie meer kommunikeer nie. Mag ons Vader, die God van alle vertroosting Sarie en haar dierbares dra soos Hy dit die afgelope aantal jare elke dag gedoen het. Bennie se teraardebestelling en troosdiens het gister plaasgevind.

**Gert van der Walt** is vroeg Woensdagoggend oorlede. Ons bid **Willie** en Carmie en ook Mia (asook Winél wat tot 'n tyd gelede nog lidmaat van die gemeente was) die ryke vertroosting van ons hemelse Vader toe. Mag die vrede van ons Here in hierdie tyd oor u harte en gedagtes in Christus Jesus ons Here die wag hou. Verdere reëlings sal later bekendgemaak word.

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
Ons is saam met Ria en Hanlie en Kylie en Ian dankbaar dat **Ria Esterhuizen** vroeër die week uit die Potchefstroom Hospitaal ontslaan kon word nadat sy vir hart- en nierversaking behandel is. Ons gebed is dat sr. Ria elke dag met nuwe krag versterk mag word.



**Susan Nortjé** het verlede Vrydag 'n afspraak met die vaskulêre chirurg nagekom. Ons is saam dankbaar dat die dokter tevrede is met die herstel van die operasiewonde. Susan het na die dialise wat sy ondergaan, nog newe-effekte en ons verseker haar en Koos en hulle geliefdes van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

**Bets Chambers** het die afgelope tyd prosedures aan haar oë ondergaan. Ons is dankbaar vir die Here se genade en bid Bets volkome herstel en lewenskwaliteit toe.

**Ineke Bakker** moet Dinsdag 'n opvolgbe-soek by die dokter bring nadat sy die afgelope aantal weke baie siek was. Ons gebed is dat die dokter mag bevind dat sr. Ineke op 'n goeie herstelpad is en dat daar vir haar ook versterking van haar kragte en lewens-kwaliteit mag wees.

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

---

### DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.
Nadat **Pieter Bouwsema** Dinsdag 'n geslaagde knievervangingsoperasie ondergaan het, is hy Donderdag uit die hospitaal ontslaan en sterk hy nou tuis aan. Ons verseker Pieter van ons voorbidding vir hom: mag u spoedig volkome herstel en goeie lewenskwaliteit ontvang!

---

### HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 24/08 | 09:30 | **VOORBEREIDING** | Kerkgebou |
| | | 18:00 | Kerkraad-Diakonievergadering | Konsistorie |
| Di | 26/08 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan | Rooi Sitkamer |
| Wo | 27/08 | 18:00 | Bybelstudie: 1 Korintiërs (Studie 6) | Konsistorie |
| Do | 28/08 | 10:30 | Troos na Trauma | Konsistorie |
| Vr | 29/08 | 08:00 | Pannekoek vanaf 08:00 - middag | Pick n Pay vdHoffpark |
| Sa | 30/08 | 08:00 | Pannekoek vanaf 08:00 - middag | Pick n Pay vdHoffpark |
| | | 15:00 | Orrelfees | Kerkgebou |
| So | 31/08 | 09:30 | Nagmaal en gemeente-ete | Kerterrein |

| KATKISASIE | Sondag 24 Augustus | Sondag 7 September |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 18 | Les 19 |
| **Lesrooster:** | Les 18 | Les 19 |
| **Psalmvers:** | Hersien Psalms 38, 42, 45, & 46 | Psalms 47: 1 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 18 | Sondag 19 |
| **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)** | Twaalf Artikels. Art. 9 | Twaalf Artikels, art 10 |

### BYBELSTUDIE

Bybelstudie by Huis Eikelaan Dinsdag om 15:00 in die rooi sitkamer. Almal is welkom.

**Woensdagaand,** 27 Augustus om 18:00 in die konsistorie (studie 6 van 1 Korintiërs uit *Voëlvlug deur die Boeke van die Nuwe Testament* van prof. GJC Jordaan).



**Donderdagoggend,** 29 Augustus om 10:30 in die kerksaal: ***Troos na Trauma***.

### EREDIENSTE VANAF SEPTEMBER

Maak asseblief 'n nota dat ons tweede erediens vanaf Sondag 7 September '25 weer om 18:00 'n aanvang sal neem.

### BEPLANNING 2026

Die Beplanningskommissie van die kerkraad vergader op 30 Oktober. Al lyk dit nog ver in die toekoms, moet *al* die datums vir 2026 (alle kommissies en ook al die sustersaktiwiteite) teen daardie stadium gereed wees vir die 2026 kalender. U word gevra om asb. in die volgende twee maande aan u beplanning vir 2026 dringend aandag te gee, en dit betyds na die kerkkantoor deur te gee.

### BAIE DANKIE

Baie dankie aan **Koos Nortjé** wat die afgelope week die besproeiingstelsel van die kerkterrein onder hande geneem en versien het. Ons waardeer u dienswerk en die ondersteuning wat u aan die eiendomskommissie bied!

### GESINSDAG: 4 OKTOBER 2025

Ouers met kinders kan gerus 'n nota maak van 'n pret- en gesinsdag wat vir DV Saterdag 4 Oktober 2025 beplan word. Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

### GEMEENTE-ETE – Sondag 31 Augustus

**Spyskaart:** Beespotjie, Stampmielies, Soet Lemoenpatats, Broodjies, konfyt, Griekse mengelslaai en Wortelvormslaai.
**Nagereg:** Sjokolade mousse, jellie, vla en roomys.
Elke gesin bring slegs u eie eetgerei, geen slaai is nodig nie. Daar gaan weer 'n kollektesakkie beskikbaar wees vir kontant donasies. Ineke Bakker kan ook gekontak word, aangaande skenkings vir bestanddele.
Die Susters van wyke 1, 5, 7 en 8 is verantwoordelik vir hierdie heerlike gemeente-ete en nooi ook almal uit om heerlik saam te kom eet en gesellig saam te kuier. Besprekings kan gemaak word by Malie by die kerk-kantoor 018 294 4600, voor of op Donderdag 28 Augustus.

# VAN ONS SUSTERS

## PANNEKOEK

Ons vra asb weer vir donasies vir die bestanddele (koekmeel, bakpoeier, suiker, kaneel en kookolie) vir die pannekoek.
Dit kan by Pieter of Malie by die kerkkantoor op Dinsdae, Woensdae en Donderdae ingehandig word.
Neem asb ook die vrymoedigheid om jou naam op die lys wat in die kerksaal beskikbaar is te skryf vir helpers,
**Pannekoek te koop teen R7 per pannekoek, 29 en 30 Augustus by Pick n Pay, Van der Hoffpark, vanaf 9uur.**

---

## ORRELFEES

Die orrelfees is DV 30 Augustus 2025 om 15:00 in ons kerkgebou.
Ons gaan met die orrelspel van Magda Pelser, John Reid Coulter en Jetty van Rensburg bederf word.
Na die uitvoering sal die gaste met heerlike sop, sjerrie en sap in die kerksaal getrakteer word deur *Crista Galli Spyseniering*.
Kaartjies is beskikbaar teen R220 per persoon en moet so gou moontlik gekoop word. Dit kan aanlyn by kaartjies.co.za gedoen word of by Malie by die kerkkantoor, bring asb jou bankkaart saam daarvoor. Hierdie is 'n konsert wat nie misgeloop mag word nie, want dit gaan 'n onvergeetlike ondervinding wees! Bring jou familie en vriende ook saam! Die volgende QR-kode kan ook geskandeer word om direk na die aanlyn adres te gaan om kaartjies te koop. Hou asb ook in gedagte dat die orrelfees 'n fondsinsamelingsprojek is vir ons kerk.



Geopende Deure

# FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

## Wêreldwaarnemingslys tendense

In 78 lande is die syfers gelykstaande aan een uit elke sewe Christene wat in omstandighede met ten minste hoë vlakke van vervolging of diskriminasie weens hul geloof leef.

## PAKISTAN




Beste lidmaat

Pakistan se berugte wetgewing oor Godslastering word dikwels gebruik om minderheidsgroepe te teiken, en Christene word buitengewoon erg hierdeur geraak. Ongeveer 'n kwart van alle aantygings oor Godslastering teiken Christene, wat slegs 1,8% van die bevolking uitmaak. Die straf vir Godslastering is die doodsvonnis. Alhoewel dit selde tot op hierdie punt kom, kan mense wat vir Godslastering aangekla word dikwels deur bendes aangeval of doodgemaak word.
Die aantal Christen-meisies (en meisies van ander minderheidsgelowe) wat ontvoer en mishandel word, groei elke dag. Hulle word deur geweld gedwing om die Islam-geloof aan te neem en dit word dikwels deur die laer howe ondersteun. Kerke wat by uitreikbedienings betrokke is, word veral teëgestaan. Al die Christene ly onder institusionele diskriminasie.

**WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?:**

Die Susters van **wyke 9 en 1** nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.